# KONINKRYKSTYD

**Juniemaand is JEUG-maand.**
Laai die DinkJeug Families app af luister, lees, gesels en bid saam.

## HUISGELOOF
### VOORBEELD
### GEN 21, ROM 6

## OMGEE
Vandag vier ons Vadersdag, waartydens ons dankie sê vir pa's, oupas, ooms, onderwysers, afrigters en nog baie ander "pa-figure" in ons lewens.
Vertel watter mans in jou lewe vir jou 'n **voorbeeld** en versoger is.

## GESELS
Abram was nie altyd 'n goeie voorbeeld nie. Die Bybel vertel hoe hy vir Hagar en hul seun Ishmael weggestuur het. Maar dié verhaal herinner ons dat God ons nooit sal verlaat nie.
**Lees: Gen 21:8-21 (Rom 6:1b-11)**

- Hoe dink jy het Hagar gevoel toe sy weggestuur is?
- Vertel van 'n keer toe dit met jou swaar gegaan het.
- Hoe dink jy het Hagar gevoel toe die Here vir haar 'n belofte gee dat Hy vir hulle sal sorg?
- Vertel van 'n keer toe die Here vir jou gesorg het.

## DOEN
Maak vandag 'n kaartjie of stuur 'n boodskap, om dankie te sê, vir iemand wat vir jou 'n voorbeeld is.

## BID

Dankie vir ...

Vergewe vir ...

My/ons behoeftes is ...

Dankie vir U belofte ...

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: